**Sondag 5 Julie**
**Skrifgedeelte: Genesis 6:5-22**
**Fokusgedeelte: Genesis 6:8-9**
**Begenadiges deur die Here!**

In Genesis 6 lees ons van die verdorwenheid van die mense op aarde. Begrippe soos verdorwenheid, korrupsie, verrotting en geweld word gelys. Die gebroke verhouding tussen God en mens word gereflekteer in die gebroke verhouding tussen mens en mens. Wie teen God in opstand kom, pleeg geweld teenoor mekaar.

God spreek weer, soos in Genesis 1. Maar waar sy woord skeppend was, is dit nou ’n woord van oordeel. God is bedroef en diep gegrief. Die pyn en swaarkry van die mensdom het sy pyn geword – net soos ouers wat ly saam met ’n kind. Hierdie ontroerde hart van God lei ons tot by die volgende kontras. Die een oomblik hoor ons van oordeel, die volgende van Noag. Noag was egter geen supermens nie. Voordat enigiets oor hom gesê word, staan daar: *“Maar Noag is deur die Here begenadig”* (Gen. 6:8).

*Begenadig* is onverdiende guns – jy kry nie wat jy verdien nie, maar wat jy nodig het. Noag se optrede word nie gebore in sy eie vroom hart nie, maar in die bedroefde en berouvolle hart van God. Selfs wanneer sy eienskappe beskryf word, dui dit op die inisiatief van God in sy lewe om die behoud van die wêreld.

En vandag, waar ons weer te doen kry met verdorwenheid, korrupsie, verrotting en geweld, is die boodskap steeds: Die pyn en swaarkry van die mensdom het God se pyn en swaarkry geword. En God se lyding weens die mensdom se sondes het uiteindelik sy hoogtepunt gevind in die menswording en die kruisdood van Jesus Christus.

Deur Christus se kruisoffer begenadig God ons en skenk aan ons geregtigheid om draers van die lewe te word. God se begenadiging in Christus roep by ons (soos by Noag) geloof, lojaliteit, opregtheid en ’n persoonlike verhouding met God na vore – waar ons God se begenadiging in Christus aan die wêreld verkondig.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*

*Ds. SJ (Stephan) Briel (Bergbron)*